

Hoekom erediens?

Dié vraag bly die afgelope paar dae in my gedagtes maal. Hoekom die erediens bywoon as daar ook ander gestaltes van kerk is waar ek gevoed word en gebou word in my geloof, soos die kleingroep, of my betrokkenheid by 'n diensaksie?

Daar is talle gelowiges wat deesdae verkies om die erediens te mis, om verskillende redes, wat ook almal sekerlik legitiem is. Maar dan hoor ek weer die Hebreërskrywer wat ons maan om nie van die samekoms van die gemeente weg te bly soos party se gewoonte is nie ([Heb 10:25](#)).

Maar sedert ek oor dié vraag begin dink het die afgelope paar dae, doem 'n beeld ongevraagd by my op. Ek is 'n laerskoolkind, en ek sit saam met my broers en susters en my ma in die kerk in Rietvlei in die Transkei. My pa lei die diens in isiXhosa, en ek verstaan daar nie 'n woord van nie. Of nee, darem hier en daar. Maar nie so dat jy dit sal agterkom nie. Ons kinders het by my pa daaroor gekla; gesê ons verstaan niks nie, hoekom moet ons dan kerk toe gaan? My pa se antwoord was elke keer dieselfde. Hy het gesê hý weet ons verstaan nie veel nie, maar sy lidmate weet dit nie. Watter boodskap stuur ons vir die gemeentede as hulle *umfundise* (predikant) se kinders nie Sondae kerk toe gaan nie? So het ons maar Sondag na Sondag kerk toe gegaan. En as ek vandag aan daardie tyd terugdink, kan ek eerlik nie sê dat dit vir my sleg was nie ...

Ek dink ons maak te maklik verskoning om die erediens te mis. En op die ou end mis ons meer as net die erediens. Ons mis 'n geleentheid om in die Here Jesus se teenwoordigheid te wees (waar twee of drie in my Naam saam is ...), ons mis die geleentheid om meer van God en sy Woord te leer, en boonop mis ons 'n geleentheid tot getuienis. Ander mense sien ons. Ander mense weet nie van die redes (verskonings) hoekom ons nie in die kerk is nie.

Wie weet, dalk praat die Here dié Sondag in die erediens net met jou ...

Rom 12:1,2 Die wesenlike van die godsdiens

Rom 12:1-2:

Die nuwe lewe in Christus

12 *En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. ²Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.*

As jy sou moes beskryf wat godsdiens is, wat sou jy sê? Wanneer is jy besig om godsdiens te beoefen?

Die eerste gedagte wat by 'n mens opkom, is dat jy met godsdiens besig is wanneer jy Bybel lees en bid, of wanneer jy vir die Here getuig, en wanneer jy in die Sondagskool is, en veral ook wanneer jy kerk toe gaan. Nou is die merkwaardige ding wat Paulus sê, dit: Hy sê ons godsdiens, of, soos hy dit hier sê, ons erediens, is nie net om kerk toe te gaan nie, maar bestaan daarin dat ons onself as lewende en heilige offers aan God gee. Ons diens aan die Here behels nie 'n paar dinge wat jy elke dag of elke week moet doen nie, soos kerk toe gaan en stiltetyd hou en dankoffer gee nie. Ons diens aan die Here vra dat ons onself aan Hom moet gee. Dit omsluit ons hele lewe van dag tot dag. Ons hele lewe moet 'n erediens wees!

Dit wat ons hier in die kerk doen, en dit wat ons van dag tot dag daar buite doen, is maar verskillende kante van dieselfde muntstuk: diens aan God. 'n Mens kan dit ook anders stel: Die erediens hier in die kerk moet altyd deel wees van die erediens van jou hele lewe. Die erediens is die hart, die fokuspunt van 'n lewe van aanbidding, 'n lewe van voortdurende oorgawe en gehoorsaamheid aan God.

Die Bybel sê ons erediens omvat ons hele lewe. Ons teks stel dit só: Gee julleself

aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is.

Hoe doen jy dit? Hoe gee jy jouself as 'n offer? Of miskien moet ek eers vra: wat is 'n offer?

'n Offer is iets wat jy aan God gee, wat jy afgee. Dis dan nie langer meer joune nie, maar God s'n. Dit word dan heilig, gewy aan God.

En nou sê die Bybel vir ons: ons moet onself as offer aan God gee. Dit beteken ons moet God se besittings word, sodat Hy ons beheer, Hy ons woorde, ons daede, ons gedagtes, ons hele lewe bepaal. Dan is ek nie meer my eie baas om te doen wat ek lus het nie, maar is God my baas, en doen ek wat Hy vra. Alles wat ek is en het, behoort dan aan God.

Hoe doen jy dit? Hoe word jy 'n lewende, heilige offer wat vir God aanneemlik is? Die Bybel s: Jy moet verander. Want ons is nie vanself lewende heilige offers vir God nie.

Ons moet verander. Die probleem is net: daar is so baie in hierdie wêreld wat ook vra dat ons verander. Die duiwel hou met behulp van die massamedia vir ons 'n prentjie voor van hoe ons behoort te dink en te lyk en te doen wat heeltemal indruis teen dit wat God van ons vra. En die moeilikheid is dat ons só met hierdie verkeerde dinge gebombardeer word, dat ons later daaraan gewoon begin word, dat dit ons later nie meer pla nie, en erger nog, dat ons dit later as normaal aanvaar.

Ons lewe in 'n siek, verwronge wêreld. Dis in hiêrdie wêreld wat ons onself as offers aan God moet gee. En daarom waarsku die Bybel vanoggend opnuut: Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie. 'n Mens kan ook vertaal: Jy moenie inpas in die skema van hierdie sondige wêreld nie. Hierdie wêreld met sy verdraaide waardes en norme mag nooit deel van jou lewenspatroon wees nie.

Dit is natuurlik nie maklik om te keer dat die wêreld in jou hart inkruip nie. Trouens, dit is onmoontlik. En elke Christen wat erns met sy verhouding met God maak, moet ook maar elke dag weer bely dat daar so 'n pynlik groot stuk wêreld in sy lewe is. Ons kan dit nie keer nie. Maar God kan! Daarom s die Woord: Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Moenie verander om soos die wêreld te word nie, laat God toe om jou te verander dat jy soos Jesus Christus word!

Paulus praat in 2 Kor. 3:18 ook hiervan: “Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Dit heerlijkheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.” Jy gaan dit nie aan jouself agterkom nie. Maar ander sien dit, want dit straal ui jou uit.

Gee God die kans! Dan sal elke dag en elke oomblik van jou lewe waarlik diens aan God word, erediens, uit dankbaarheid vir sy goedheid.

Amen.